



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 14 Mei 2020

Gedagte van die week:

Eerbied verander mense, want ons word soos die een vir wie ons eerbied het.

Teks van die week:

1 Petrus 3:13-22

Meditasie uit die Woord:

Dit is nie n et rekenaars wat “drivers” het nie, ons het ook “drivers” wat ons dryf en aan die gang hou. Ons drywers is die dinge waaraan ons die meeste van die tyd met ons brein dink en wat ons die meeste van die tyd met ons hart begeer. Elkeen van ons weet heimlik wat die dinge is waaraan ons die meeste dink en waarvan ons die meeste droom. Hoe dit ook al sy, Petrus stel dit redelik duidelik dat die kerk net  een drywer het en dit is heilige eerbied vir Christus. Dit beteken vir my dat ek aan Jesus Christus die meeste gewig gee in al my denke en drome en besluite. Dit beteken dat ek altyd heel eerste aan Hom dink en heel laaste aan Hom dink. Sy groot gewigtheid bepaal alles in my lewe. En hiermee maak ek geen kompromie e nie. Ek laat my nie ompraat of omkoop of om-boelie om Christus uit my berekeninge uit te laat nie. Hy is die heel eerste getal van elke som wat ek maak. Ek maal alles met Hom, ek deel alles deur Hom. Ononderhandelbaar. Maar ek is nooit lelik daarvoor nie. Ek wys dit vir die w ereld sodat almal kan weet dat dit is hoe ek dink en dit is hoe ek my somme maak, maar ek is beskeie en sag in my bekendmaking daarvan. Ek het geen behoefte om daarvoor te baklei of te stry of te argumenteer nie. Ek veroordeel nie mense wat dit nie kan verstaan nie en wat nie met my saamstem nie. Ek s e maar net vir hulle: “Christus is die liefde van my lewe. Kruisig my daarvoor as julle wil”. Ek staan mooi op vir my mooie Christus, want in my hart en lewe is daar vir Hom n et heilige eerbied. En ek weet dat eerbied ‘n mens verander, dit maak dat jy al meer word soos die een wat jy eer. Maak my s o opgewonde. Ek al meer soos Christus ... kan dit wees? Asseblief ... laat dit s o wees!

Meditasie uit die lewe:

Ek deel graag ‘n getuigenis van iemand wat in ‘n hospitaal werk. Sy skryf op 1 Mei as volg: “Nou net vooruit na Sondag se boodskap gekyk en weer besef ek is kerk! Ons werk hard en beplan en berei voor vir die verwagte storm. Ek voel self geensins bang of bedreig nie. Sommige van die personeel is angsbevange vir kontak, maar as ek siek word aanvaar ek dit. My lewe wat ek leef is kerk”. Ek verneem hierdie week vinnig hoe dit gaan en sy antwoord op 12 Mei as volg: “Die realiteit van die pandemie begin ons tref. Positiewe personeel, sterftes en saal vol siek mense. Wisselende emosies, emosioneel dreinerend. Moeilik om te beskryf hoe jy by tye voel. Moeg, moedeloos, oorweldig. Dan word een persoon gesond en die son skyn weer. Bid asb dat ons gesond sal bly sodat ons kan voortgaan”. Iemand wys my hierdie week die woorde, **“Ons is almal in dieselfde storm, maar nie in dieselfde boot nie”**. Dit is s o belangrik om te onthou wanneer ‘n mens geneig is om met arrogansie en selfversekerdheid jou mening te lug. Mense praat verskillend oor die storm ... party praat vanuit hulle luukse seiljagte daarvoor en ander roei in onbestendige kano’s wat wil-wil omslaan. Stadig oor die klippe. Versigtig. En dit sal ons goed doen om te onthou dat ons die kerk is en dat ons ‘n ander taal praat, maak nie saak in watter boot ons is nie. Ek dink ons moet baie versigtig wees wanneer ons deelneem aan gesprekke oor Youtube, Facebook, Twitter, Instagram en Whatsapp. Elke gesprek waaraan jy deelneem verraai iets van jou hart.

Hier is die skakel wat jy nodig het vir 17 Mei se Reisgesprek:

<https://youtu.be/u-VNUWETdBA>

Die video-opname is “unlisted” wat beteken dat jy die skakel hierbo nodig het. Jy mag die skakel aanstuur na mense wat jy meen daarby kan baat soos bv jou uitgebreide familie en vriendekring. Al wat jy hoef te doen is om die skakel te aktiveer. Druk die CTRL-knoppie op jou sleutelbord en hou dit in, skuif jou muis-pyltjie tot op die skakel en links-klik dan daarop. As hierdie kortpad nie vir jou werk nie kan jy die skakel “highlight”, dan “copy”, dan by google “paste” en “enter”.

Die Toekoms

Wat weet ons tog van die toekoms? Wat ons nou weet is dat ons vir die afsienbare toekoms via die tegnologie met mekaar sal kontak maak en hou. Jy sal elke week jou nuusbrief asook jou skakel(s) na die Youtube-Reisgesprek kry. Die roetine sal dan as volg wees:

1. Ons het die teks van die week in die almanak en ons begin almal Maandagaand saam daaraan lees.

2. Vrydag kry jy jou nuusbrieff met 'n voorlopige gesprek oor die teks asook die Youtube-skakel.
3. Jy kyk op jou eie tyd na die reisgesprek via die Youtube-skakel.
4. Maandag kry jy 'n whatsapp met 'n kort opvolg refleksie.


Pinkster se 7 geleenthede sal voorlopig ook via Youtube gebeur. Jy sal die eerste 6 skakels op Vrydag 22 Mei kry en dan kan jy op jou eie tyd daarna kyk. Ons dink en praat vanjaar saam oor die huwelik.

Geleentheid

Miskien wil jy help. Hieronder volg die besonderhede van 'n geleentheid waar jy kan help as jy wil. Ons neem hande in netwerke. Daar is ook ander geleenthede waar jy kan help en as jy die besonderhede wil hê, mag jy met ons skakel. Ons mag vra en bekendmaak ... jy mag besluit. Alles gebeur in liefde!

TORINGKERK SE VOEDSELVERSPREIDINGSPROJEK

diep & vër




EFESIERS 3:14-21

KOSPAKKIES VIR 39 GESINNE VIR 2 WEKE

<ul style="list-style-type: none"> • CANNED FISH: 166 x 400g cans • SOYA MINCE: 166 x 400g packets • SPLIT PEAS/LENTILS: 91 x 500g cans • BAKED BEANS: 144 x 410g cans • MAIZE MEAL: 32 x 1kg & 8 x 2kg • FLOUR: 32 x 1kg & 8 x 2kg • RICE: 32 x 500g & 8 x 1kg • POTATOES: 32 x 1kg & 8 x 2kg 	<ul style="list-style-type: none"> • MILK POWDER (full cream): 67 x 500g • OIL: 17 x 500ml ; 20 x 1L ; 3 x 1.5L • PEANUT BUTTER: 37 x 400g ; 3 x 800g • CARROTS: 17 x 1kg ; 32 x 2kg ; 5 x 2.5kg ; 3 x 3kg • CANNED MIXED VEGETABLES: 162 x 410g cans • YEAST: 96 packets
--	---

ITEMS KAN OP DONDERDAE TUSSEN 07:30 EN 18:00 NA DIE ONDERSTE SAAL (KLEIN TORING SAAL) GENEEM WORD. NEELS, ONS KOSTER, IS HEELDAG DAAR SO LUI NET DIE KLOKKIE BY DIE DEUR (KLEIN TORING SAAL) OF BEL HOM BY 082 740 7353.

AS JY 'N GELDELIKE BYDRAE WIL MAAK KAN JY DIT HIER INBETAAL:
NG GEMEENTE TORINGKERK
ABSA PAARL
TAKKODE 334210
REK. NR. 400590176
VERWYSING: WYD & VËR



Oulike idee

Miskien wil jy iets doen om honger mense te help. Maak 'n gewone plastieksakkie vol met 1 koppie rys, halwe koppie lensies, kwart koppie droë sopmengsel, een teelepel sout. Heg die volgende reseppie aan: Gooi mengsel in 6 koppies kookwater, kook vir 30 minute, roer gereeld. Voed 4 mense.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrieff wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net